Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

Meer oor ons

Hou hierdie spasie dop! Elke week deel ons iets van Wapadrant se visie, ons missie, ons waardes en hoe ons werk.

eNuus in kort

Kyk die eNuus in kort deur die volgende skakel te volg: https://youtu.be/HdyFF9vxDVU

Nuus vir die week

Sondag 8 Februarie:

- Daar is Sondag twee eredienste: 08:30 en 10:00. Die eredienste word gelei deur ds. Marcel Floor.
- Tussen die eredienste vind die jeuggroepbyeenkomste plaas.
- Die liefdegawe (kollekte) word soos volg verdeel:

- Die SANBS bedank almal wat op 1 Februarie bloed geskenk het. 17 Eenhede bloed is geskenk.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Lilla du Preez en Pieter Steenkamp wie se broer sy aardse wedloop voltooi het.
- Jan en Celia de Beer. Celia se ma het haar aardse wedloop voltooi.
- Paul en Phillazie Roos. Phillazie se ma het haar aardse wedloop voltooi.
- Sonia Röhrs wat tuis aansterk na ‘n knie operasie.
- Neels Botha wat tuis aansterk.
- Almal wat ongesteld is.

Hartlik geluk aan:

- Klarise Kruger wat verloof geraak het aan Duane de Lange. Klarise is Martin en Karen Kruger se dogter.
- Tydens die 10:00 erediens lê Sanri Jansen van Rensburg, Heinrich Fourie en Jacques Eastes belydenis van geloof af. Jacques word ook gedoop.

Gebed vir die week:

Stuur epos aan die kerkkantoor om die skakel te ontvang om by die Gebedsgroep aan te sluit

Indien jy die eNuus op jou selfoon lees, kan jy op die volgende skakel klik:
https://chat.whatsapp.com/JL7Os5H3dXU2CTR5nfIhPz

Gebruik van die nuwe sitkamer

Ons is opgewonde oor die nuwe sitkamer in die kuierarea en dat soveel mense al reeds daarvan gebruik maak. Onthou asb. om VOORAF die sitkamer te bespreek indien jy dit wil gebruik. Kontak Louise by (012) 991 5623.

Behoeftebepaling: Aandbyeenkoms

Hierdie vraelys dien om 'n behoeftebepaling in Wapadrant Gemeente te doen rondom 'n potensiële Sondagaand byeenkoms. Hierdie behoeftebepaling dien as inset vir besluite wat die kerkraad wil neem oor die saak. Om hierdie rede versoek ons dat alle antwoorde so eerlik en opreg as moontlik beantwoord word, met die fokus op jou persoonlike mening/opinie/voorkeur.

Voltooi asb. die vraelys deur die skakel te volg of die QR-kode te skandeer.

https://forms.gle/qvUnNg5R3iiuNuC39

Nuwe Bybelstudiemateriaal

Uit en Tuis

VERSOEK VIR KINDERKLERE
Wapadrant se klerebank het 'n dringende behoefte aan kinderklere van baba's tot 14 jaar.
Ons benodig veral klere vir 2 dogtertjies wat in die kinderhuis opgeneem is.
Grootte: 18-24 maande en 3-4 jaar
Laat asb. die klere in die kulerarea.
Meer inligting by Anne-Marie Lagrange 082 818 6543

WhatsApp
Gaweveiling
6 Maart 2026

13 Maart 2026
18h00 tot 21h00
Gratis
Manne Aand
Tema
"Balans in die Lewe" met spreker Johan Smith.
'n Aand vir manne, pa's, seuns, oupa's & vriende
Ons braai en kuier
Wys jou worsbraaivernuf en deel jou unieke braaitoerusting met ander
Bobaas Worsmaker
Kom spog met jou eie boerewors sodat ander kan proe.
Bespreek by Christiaan 083 259 6701 teen 8 Maart

1-dag projekte vir 2026
SAAM
Wapadrant Uitreik
Maak koninkryk sigbaar in die gemeenskap
Het jy idees vir projekte?
Kontak Annelize
uitreik@gkwapadrant.co.za

Gereformeerde Kerk
Pta-Magalieskruin
nooi jou uit na ...
Sustersaamtrek 2026
Leef bedagsaam
voor God
Saterdag, 7 Maart 2026 om 8:30
Joycelaan 150, Magalieskruin
R220 PER PERSOON
RSVP by Riekie Prinsloo
082 586 9167
magaliessusters@gmail.com

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN
POTJIEKOS
KOMPETISIE
TEN BATE VAN TOPIA-BEDIENING
14 FEBRUARIE 2026
9:00 - 14:00
INSKRYWINGS @ R120pp
KINDERS <12 R50 KINDERS <3 GRATIS | 8 ETES PER SPAN
KONTAK (012) 567 1492
INSKRYWINGS EN BESPREKINGSVORM
SCAN ME

met samesang
ORREL KONSERT
toegangsfooi is 'n kollekte
Nederlandse orrelis
Minne Veldman
koperblaas-kwintet
tee en koffie
bring & braai
Saterdag
21
Februarie 2026
om 15:00
Gereformeerde Kerk
Die Kandelaar
H/V CODORA LAAN EN DICKENSON LAAN
WAVERLEY, PRETORIA

Vra jou vraag

Vraag:
Ek is nie seker of hierdie 'n Geloofsvraag is nie. Ek sal graag wil weet wat ons Predikante se mening oor verassing is?

Antwoord:
Daar is goeie argumente aan beide kante.

Daar is nie 'n direkte vers in die Bybel wat sê dat jy moet begrawe, of dat jy nie 'n liggaam mag verbrand nie. So, ons moet ruimte laat vir beide beskouings.

Ons moet in liefde ook mekaar in ag neem. Neem daarom ook jou familie in ag vir wie dit 'n baie sensitiewe onderwerp kan wees, voor jy besluit.

Volledige antwoord

Die vrae en antwoorde is ook beskikbaar op die webblad by https://www.wapadrant.co.za/ontdek-jou-plek.html

Lidmaat Netwerk

Besoek die Lidmaat Netwerk en help so om aan jou stad te bou. Ander gemeentes se byeenkomste, boekvrystellings, dienste sowel as werksgeleenthede (gesoek en beskikbaar) is ook hier te vind.

Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur 'n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

https://www.canva.com/design/DAFYMHYdpxU/o7OImFpFrhwiiGXnTN7SnA/view?utm_content=DAFYMHYdpxU&utm_campaign=designshare&utm_medium=link&utm_source=publishsharelink

Meer oor eredienste

Volg eredienste via Youtube

https://www.youtube.com/channel/UCb3hrn

Volg eredienste via Facebook

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos

‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.